WITTES SKOP 24 UIT

MELVIN WHITEBOOI

DIE wit bestuur van die Ou Apostoliese Kerk in Vryburg het 24 kerklede permanent geskors.

En dié kerk se susterkerk in die Wes-Kaap het sy eie probleme met die wit hoofbestuur.

Die bruin kerklede van Vryburg, wat hoofsaaklik van Tswana-afkoms is, het hul griewe aan die bestuur onder beheer van apostel Dawid Jakobus la Cock gestuur.

Hulle wou graag gesange in hul moedertaal, Tswana, sing. Hulle het ook versoek om met ander rasse van die Ou Apostoliese Kerk te meng.

Hul griewe het op dowe ore geval, maar hulle het toe voortgegaan om in Tswana te sing. Die wit bestuur het die polisie ontbied om hulle uit die kerk te gooi.

Daarna het die bestuur 'n hofbevel teen hulle gekry. Dit verhinder hulle om die Coleridge-gemeenskapsaal te betree.

Hulle is ook verbied om met ander kerklede kontak te maak.

Die wit bestuur beweer hulle betoog in die kerk en dreig ander kerklede.

Die groep sê dis onwaar.

Offerande

Apostel La Cock sê by navraag: "Ek weet nie waarvan jy praat nie."

In die Wes-Kaap het opsiener Michiel Jakobus Beck die Apostelsforum in die provinsie om verskoning gevra oor die beweerde bedrog wat hy gepleeg het.

Hy het volgens *Kaapse Son* ingeligte bronne versoek dat hy nog in beheer bly van die lede se offerande.

Kaapse Son verneem die Apostelforum steun hom ten volle.

In 'n ander wending het *Kaapse Son* verneem die twee bruin lede wat by die Konferensie van Apostels (die hoogste gesag in die kerk) gaan kla het oor die hoofkantoor se wanbestuur, is tydelik deur apostel Michiel Jakobus van Tonder geskors.

Kerklede voel gegrief oor die dubbele standaarde wat toegepas word.

Intussen sê die geskorste eks-priester Freddie September hy wil graag nog kerk loop, maar die wit bestuur het gesê hy moet wag totdat hulle terugkom na hom toe.

WIL TERUGKOM: Die voormalige priester Freddie September sê hy wil graag weer kerk toe gaan. Foto: JONATHAN LESTRADE

Hy wag nou nog vir hulle.

Intussen verneem *Kaapse Son* daar gaan 'n afname in die offerande wees. Pensioentrekkers gaan van 1 April net 'n tiende van hul pensioene moet offer.

Kaapse Son 10.03.2008

2148